GAUTENG
LEGISLATURE
Your View – Our Vision

CELEBRATING 30 YEARS OF DEMOCRACY 1994-2024

# KENNISGEWING VAN OPENBARE VERHORE

**Agb. Vuyiswa Jentile**
*Die Voorsitter van die Vaste Komitee*



## UITNODIGING NA OPENBARE VERHORE OOR DIE GAUTENGSE WYSIGINGSWETSONTWERP OP VERSOEKSKRIFTE, 2024

Die Voorsitter van die Vaste Komitee oor Versoekskrifte, Agb. Vuyiswa Jentile, nooi alle lede van die publiek en alle belanghebbendes om die openbare verhore oor die Gautengse Wysigingswetsontwerp op Versoekskrifte, 2024, by te woon.

Dié Wetsontwerp wat deur die Gautengse Provinsiale Wetgewer voorgestel is, beoog om die Gautengse Wet op Versoekskrifte van 2002 te wysig deur belangrike veranderinge in te stel. Dit behels nuwe omskrywings, die stel van norme en standaarde vir munisipaliteite om hul stadsverordeninge en beleide oor die verwerking en hantering van versoekskrifte in ooreenstemming te bring en om te verseker dat die Vaste Komitee oor Versoekskrifte elke versoekskrif doeltreffend oorweeg. Die Wetsontwerp beoog ook om die uitvoerende raad se rekenpligtigheid en responsiwiteit oor versoekskrifte wat deur die publiek ingedien is, te versterk.

U insae is noodsaaklik om te verseker dat die demokratiese proses bekragtig word en dat die regering rekenpligtig teenoor die mense bly. Ons moedig alle Gautengse Burgers aan om enige van die volgende openbare verhore by te woon en tot dié belangrike wetgewende proses by te dra:

**Datum:** Donderdag, 24 Oktober 2024
**Plek:** Pimville Gemeenskapsentrum, Soweto
**Tyd:** 10:00

**Datum:** Donderdag, 31 Oktober 2024
**Plek:** Bafokeng Primary School se saal, Palm Springs, Vanderbijlpark
**Tyd:** 10:00

**Datum:** Vrydag, 15 November 2024
**Plek:** Khutsong meerdoelige sentrum, uitbr. 4, Merafong
**Tyd:** 10:00

**Datum:** Vrydag, 22 November 2024
**Plek:** Suurman Gemeenskapsaal, Hammanskraal
**Tyd:** 10:00

**Diegene wat nie kan bywoon nie, kan die openbare verhoor regstreeks op 24 Oktober op die Gautengse Provinsiale Wetgewer se YouTube-blad stroom.**

**Geskrewe vertoë:** U kan ook u stem laat hoor deur geskrewe kommentaar per e-pos in te dien. Stuur asseblief teen **22 November 2024** u vertoë na Me. **Sizakele Sibanyoni** by **SSibanyoni@gpl.gov.za.** Besoek asseblief gpl.gov.za of die Gautengse Provinsiale Wetgewer se YouTube-blad vir meer inligting, eksemplare van die Wetsontwerp, of om die verhore aanlyn te kyk.

**Volg ons op:**

**www.gpl.gov.za**